

KITSINLIGTING: VOORGRAADSE BEURSE 2020

INLEIDING

Die Noordwes-Universiteit se beurs- en leningskemas het ten doel om aan studente finansiële ondersteuning te bied (onderhewig aan spesifieke riglyne) wat 'n bydrae wil lewer tot die skep van 'n motiverende klimaat aan die Universiteit op grond van hulle akademiese, leierskap-, kuns- en kultuur- asook sportprestasies.

NEEM KENNIS DAT DIE UNIVERSITEIT DIE REG VOORBEHOU OM, SONDER VOORAF KENNISGEWING, WYSIGINGS AAN TE BRING MET BETREKKING TOT VOORWAARDES, BEDRAE EN TOEKENNINGS SOOS GOEDGEKEUR DEUR DIE KOMITEE BEURSE EN LENINGS.

ALLE BEURSE WORD TOEGEKEN SLEGS VIR DIE VERWERWING VAN 'n EERSTE KWALIFIKASIE WAT BINNE DIE MINIMUM DUUR VAN DIE KWALIFIKASIE WAARVOOR IN DIE EERSTE JAAR GEREJISTREER IS, (3 OF 4 JAAR) VOLTOOI MOET WORD. INDIEN 'n STUDENT VAN STUDIERIGTING VERANDER, BLY HIERDIE VOORWAARDE WAT OP DIE AANVANKLIKE KWALIFIKASIE SE STUDIETYDPERK VAN TOEPASSING WAS, STEEDS GELD!

NEEM ASSEBLIEF KENNIS:

Die NSFAS (National Student Financial Aid Scheme) beleid verbied die toekenning van enige/alle ander beurse aan studente wat ten volle deur NSFAS befonds word. Met ander woorde, studente wat vol beurse vir registrasiegeld, klasgeld, boeke, etes en akkomodasie ontvang, mag nie fondse vanuit Universiteitsfondse of enige ander bron ontvang nie. NWU moet toegee aan die NSFAS beleid en daarom sal geen NSFAS goedgekeurde student vir ENIGE van die onderstaande beurse oorweeg word nie.

AFDELING A: AKADEMIESE MERIETEBEURSE

NUWELING AKADEMIESE MERIETEBEURSE

Dié beurse word **OUTOMATIES** toegeken aan alle voltydse eerstejaarstudente wat:

- In die **voorafgaande jaar** Graad 12 geslaag het.
- Na Graad 12 vir die eerste keer by die NWU vir 'n eerste, voorgraadse kwalifikasie registreer.
- 'n Gemiddeld van 75% of hoër (bereken volgens FSD-riglyne hieronder gespesifiseer) gedurende die Graad 12-eindeksamen behaal het.
- Merietebeurse word bereken op die matriek uitslae wat die universiteit in Januarie van die Departement van Onderwys ontvang.
- Die beurs word toegeken op grond van die student se ware rekenkundige gemiddeld. Bereken dit soos volg: Lewensoriëntering word buite rekening gelaat. Tel die persentasies van die ses vakke met die beste persentasies bymekaar en deel die totaal deur ses om die ware rekenkundige gemiddeld te kry. **Geen** punte word afgerond nie.

Student se gemiddelde %	Merietebeurs
85 – 100%	100% van klasgeld
80 - 84%	75% van klasgeld
75 - 79%	25% van klasgeld

- ❖ **Studente wat nie deur 'n Suid-Afrikaanse skoolstelsel matrikuleer het nie, moet aansoek doen vir die merietebeurs, op die merietebeurs aansoekvorm, en moet die amptelike finale uitslae aanheg. Dit sluit in Cambridge en Namibië. Slegs HESA ge-akkrediteerde skole word erken. Hierdie beurse sal individueel evalueer en toekennings op die klasgeldrekening oorbetal word, gedurende April.**

SENIOR AKADEMIESE MERIETEBEURS

- Akademiese merietebeurse aan senior studente (2^e-, 3^e- en 4^e-jaars) word **OUTOMATIES** toegeken aan **VOLTYDSE** studente wat geregistreer is vir 'n eerste, voorgraadse kwalifikasie.
- Deeltydse senior studente wat vir die volle kurrikulum geregistreer is en aan die beursvoorwaardes voldoen, moet **JAARLIKS AANSOEK** doen vir dié beurs en kwalifiseer dan vir 50% van die normale toekenning wat hier onder uiteengesit is.
- Om te kwalifiseer moes die student alle hoof- en byvakke (addisionele modules uitgesluit) van die voorafgaande jaar geslaag het EN 'n gemiddeld van minstens 75% behaal het. **Geen** punte word afgerond nie. Die beurs is slegs geldig vir die minimum duur van die kwalifikasie waarvoor in die eerste jaar geregistreer is (naamlik 3 of 4 jaar). Geen toekennings word gemaak op grond van onderskeidings nie, slegs op grond van die vorige studiejaar se gemiddeld. Die gemiddeld van dié vakke word bereken en toekenning word gedoen op grond van die onderstaande glykskaal:

Student se gemiddelde %	Akademiese Merietebeurs
75% en hoër	50% van klasgeld

- ❖ **VOLTYDSE studente ontvang die merietebeurs OUTOMATIES – MOENIE AANSOEK DOEN NIE!**
- ❖ **Studente wat DEELTYDS/KONTAK geregistreer is, MOET JAARLIKS AANSOEK DOEN!**
- ❖ **AFSTANDSLEER studente kwalifiseer nie vir die en/of ander beurse nie.**

AFDELING B: LEIERSKAPSBEURS / KUNS- EN KULTURBEURS

HOOFLEIERSBEURS

Dit is 'n eenmalige beurstoekenning aan eerstejaarstudente wat gedurende die hoërskoolloopbaan die *voorsitter (slegs hoofseun/hoofmeisie van die skool)* van die verteenwoordigende studenteraad was. Die student moet aansoek doen vir die beurs en die waarde beloop R3 500 wat van die klasgeldrekening afgetrek word. *Stawende bewyse, naamlik 'n afskrif van die amptelike getuigskrif van die skool of soortgelyke sertifikaat, moet die aansoek vergesel.*

KUNS- EN KULTURBEURS

Bogenoemde beurs word toegeken aan eerstejaarstudente wie se kuns- en kultuurprestasies van uitnemende aard was tydens Graad 8-12. Die waarde van die beurs wissel en die beoordeling word deur die Departement Kuns en Kultuur self gedoen. Vir meer inligting, kontak gerus die Departement Kuns en Kultuur, Me Denise Olyphant of mnr Jaco van der Walt by, 018 299 2843/4.

AFDELING C: ONDERSTEUNINGSBEURS

BEURS VIR 'n FISIES GESTREMDE STUDENT

Studente met 'n degenererende fisiese gestremdeheid wat hinderlik inwerk teen hulle studies EN 'n onlangse mediese sertifikaat aanheg ter staving daarvan, mag jaarliks aansoek doen en ontvang 25%-korting van klasgeld. Slegs vir die minimum duur van die kwalifikasie waarvoor in die eerste jaar geregistreer is (naamlik 3 of 4 jaar). Daar moet slegs eenmalig in die eerstejaar hiervoor aansoek gedoen word, met 'n onlangse mediese sertifikaat aangeheg.

WEES- EN PLEEGBEURS

Die beurs bied finansiële ondersteuning aan wees- of pleegkinders en beloop 25%-korting van klasgeld. Doodsertifikate van beide ouers, hofbevel vir plasing in pleegsorg of 'n beëdigde verklaring van die maatskaplike werker moet die aansoek vergesel. Slegs van toepassing vir die minimum duur van die kwalifikasie waarvoor in die eerste jaar geregistreer is (naamlik 3 of 4 jaar). Daar moet slegs eenmalig in die eerstejaar hiervoor aansoek gedoen word waarna die beurs outomaties toegeken sal word mits die student aan die beurskondisies voldoen.

GESINSBEURS

Voltydse **en** deelydse studente wat nie NSFAS ontvang nie, kan vir die beurs aansoek doen indien twee of meer lede uit dieselfde gesin **gelyktydig** aan die NWU studeer. SLEGS die student met die grootste studentnummer moet aansoek doen, dus *een aansoek per gesin*. Indien die vanne verskil agv stiefbroer(s)/- suster(s), moet bewys aangeheg word wat verwantskap aantoon (bv. ouers se huweliksertifikaat). Die beurs betaal uit op die klasgeldrekening van die student(e) met die grootste studentnummer(s). **Jaarlikse her-aansoek voor die ondergenoemde sluitingsdatum word vereis.** Die glyskaal vir toekenning is as volg:

Tweede student	15% van klasgeld		Vierde student	25% van klasgeld
Derde student	20% van klasgeld		Vyfde student	30% van klasgeld

Deelydse/kontak studente kwalifiseer vir **50%** van die bogenoemde beurswaardes. Jaarlikse her-aansoek word vereis.

Afstandslere studente kwalifiseer nie vir die beurs nie.

SLUITINGSDATUM VIR BEURSE IN AFDELINGS A, B EN C – JAARLIKS 31 JANUARIE

AFDELING D: RUGBY- EN/OF SPORTBEURS

NAVRAE RUGBY INSTITUUT RONEL EMMS 018 299 2429 ronel.emms@nwu.ac.za

ANDER SPORT

NAVRAE POTCHEFSTROOM CORENE MIDDLETON 018 299 2905 corene.middleton@nwu.ac.za

SLUITINGSDATUM VIR BEURSE IN AFDELING D – JAARLIKS 15 OKTOBER

AFDELING E: NSFAS-BEURS SLEGS AANLYN AANSOEKE

Die NSFAS-beursskema bied finansiële ondersteuning aan voornemende studente met akademiese potensiaal maar wat finansiële behoefte is.

Studente wat voor en tot einde 2017 vir die eerste keer registreer het: Huishouding se gesamentlike bruto inkomste moet onder R122 000 wees. 'n Vasgestelde toekenningsbedrag word jaarliks hersien; In 2019 was die beurswaarde R88 600. Goedgekeurde NSFAS beurse is van toepassing vir die minimum duur van die kwalifikasie (3 of 4 jaar) + 2 jaar addisioneel.

Studente wat vanaf 2018 registreer het en nuwe NSFAS aansoekers is: Slegs huishoudings wie se gesamenlike bruto inkomste onder R350 000 per jaar is, word oorweeg. Goedgekeurde NSFAS beurse is van toepassing vir die minimum duur van die kwalifikasie (3 of 4 jaar) + 1 jaar addisioneel.

Die skema is beskikbaar aan voltydse, voorgraadse studente wat aan die volgende vereistes voldoen:

- Die student moet 'n SA burger wees. 'n Afskrif van die ID-boekie moet aangeheg word.
- Die student moet vir ten minste die minimum aantal voorgeskrewe kursuseenhede per jaar registreer.
- Die student moet vir 'n eerste, voltydse, voorgraadse kwalifikasie geregistreer wees.
- Die student moet oor akademiese potensiaal beskik. Nuwe aansoekers wat reeds studente is moet ten minste 50% van die voorgeskrewe minimum kursuseenhede slaag.
- Terugkerende studente wat 50% van die voorgeskrewe minimum kursuseenhede slaag, hoef nie weer aansoek te doen vir die beurs nie. Sou die student nie 50% van die vakke slaag nie, moet die student vir die volgende jaar weer her-aansoek doen vir die beurs.
- Die student moet finansiële behoefte wees, m.a.w. oor geen of minimum bronne beskik en sal dus aangewese wees op NSFAS.
- Minimum betaalbare gelde in die begin van elke studiejaar moet deur student/ouers self voorsien word behalwe as die student skriftelike bevestiging van NSFAS kan indien dat die beurs reeds goedgekeur is vir die jaar.

SLUITINGSDATUMS VIR NSFAS BEURS, AFDELING E

Voornemende studente: 1 Augustus – 30 November.

Senior studente: 1 Augustus – 30 November.

Aanlyn aansoekvorms is beskikbaar op die NSFAS webblad: www.nsfas.org.za

Geen harde kopieë of laat aansoeke word aanvaar nie.

AFDELING F: FUNZA LUSHAKA ONDERWYSBEURS SLEGS AANLYN AANSOEKE

Die beurs word aan studente toegeken wat Suid-Afrikaanse burgers is met ten minste een van die volgende prioriteitsareaspesialiteitsvakke by die kwalifikasie ingesluit:

- ❖ Grondslagfase (Graad R-3): Die prioriteitsarea moet Grondslagfasespesialisasie in 'n Afrika-moedertaal wees (Afrikaans en Engels uitgesluit).
- ❖ Intermediêre en Senior Fase (Graad 4-9): Die prioriteitsarea moet een van die volgende wees: Wiskunde, Natuurwetenskappe of Tegnologie.
- ❖ VOO-fase (Graad 10-12): Die prioriteitsarea moet een van die volgende wees: Rekeningkunde, Landbouwetenskap, Landbouetegnologie, Siviele Tegnologie, Rekenaartoevoegingstechnologie, Ekonomie, Elektriese Tegnologie, Ingenieursgrafika en -ontwerp, Aardrykskunde, Inligtingstechnologie, Lewenswetenskappe, Wiskunde, Meganiese Tegnologie of Fisiese Wetenskappe.

Addisionele minimum kriteria vir 1^e-jaarstudente:

- ❖ Aansoeker moet voldoen aan die minimum statutêre matrikulasievereistes vir toelating tot baccalaureusgraadstudie aan 'n universiteit in die RSA of Slaag met Vrystelling.
- ❖ Student moet ten minste 60% ontvang vir die prioriteitsareavak of die vak waarin die aansoeker gaan spesialiseer.

Addisionele minimum kriteria vir bestaande beurshouers / nuwe aansoekers maar wat alreeds by die universiteit studeer:

- ❖ Aansoeker moet gemiddeld van ten minste 55% behaal het vir al die modules geneem in die vorige studiejaar, dus 2/3 modules geneem.
- ❖ Aansoeker moet al die modules geslaag het wat geneem is in die laaste universiteitstudiejaar wat direk verband hou met die prioriteitsareaspesialiteitsvakke.
- ❖ Student moet akademies bevorderbaar wees na die volgende vlak/studiejaar.

Bogenoemde is slegs die minimum kriteria en impliseer nie outomatiese kwalifikasie vir die beurs nie. Slegs 'n beperkte aantal beurse is beskikbaar aan die beste studente en finale keuring word gedoen deur die Departement Onderwys en die keuringskomitee van Funza Lushaka.

KONTRAKTUELE VOORWAARDES INDIEN DIE FUNZA LUSHAKA BEURSSKEMA-AANSOEK SUKSESVOL IS

1. Na goedkeuring, is die beurshouer wettig verplig om 'n pos by 'n provinsiale skool te aanvaar. Beurshouers mag nie kontraktuele verpligting uitstel na verwerping van graad om voltydse nagraadse studie soos BEd Honneurs, voort te sit nie. Beurshouers sal ook nie toegelaat word om 'n vakansiejaar te neem nie. Beurshouers kan kies in watter provinsie hulle graag wil onderrig.

Aansoekers moet kennis neem dat die provinsiale onderwysdepartement gegradeerde studente in onderwysposte sal plaas by skole waar hul benodig word. Beurshouers mag nie kies by watter skool hulle wil werk of direk by 'n skool aansoek doen om 'n betrekking nie. Indien 'n toepaslike betrekking nie beskikbaar is in die beurshouer se gekose provinsie nie, kan die beurshouer geplaas word in 'n ander provinsie. Die beurshouer sal verplig wees om die pos te aanvaar ten einde aan die kontraktuele ooreenkoms te voldoen.

2. Die beurs word toegestaan vir een jaar op 'n keer. Die beurs word nie outomaties hertoegerken nie. Hertoekenning sal afhang

van verskeie kriteria waaronder akademiese vordering. Geen waarborg bestaan dat die beurs vir 4 jaar plus 1 jaar ekstra toeken sal word nie. Op grond van akademiese vordering en fondse beskikbaar, mag die student jaarliks aansoek doen totdat die beursaansoeker as onderwyser gradueer. Beurshouers word verplig om 1 jaar onderwys te gee vir elke jaar wat die beurs toegestaan is.

- Die beurs is terugbetaalbaar indien die beurshouer nie aan beursvoorwaardes voldoen nie, nie aansoek doen vir 'n betrekking by 'n provinsiale skool deur die provinsiale onderwysdepartement nie, die onderwyspos by 'n provinsiale skool verlaat voor einde van die kontraktuele diensperiode of andersins nie aan die beursvoorwaardes voldoen soos uiteengesit in die beurskontrak nie. In al die bogenoemde gevalle word die beurs in 'n rentedraende lening omgeskakel.
- Die bedrag terugbetaalbaar is die volle beursbedrag ontvang, minus een jaar se toekenningsbedrag vir elke jaar wat die beurshouer skool gehou het by 'n provinsiale skool. Rente sal gehêf word teen die rentekoers bepaal deur NSFAS, maar dit is altyd laer as die kommersiële koers.
- Die Departement Onderwys verkies om deur middel van e-pos of SMS met die beurshouers te kommunikeer en indien 'n beurs toegeken of hertoegeken word, moet die beurshouer 'n e-posadres en, indien moontlik, 'n selfoonnommer hê vir SMS-doeleindes.
- Doen aanlyn aansoek op die FUNZA LUSHAKA webtuiste: www.funzalushaka.doe.gov.za. **NB:** 'n Harde kopie uitdruk van die aansoek moet tesame met 'n gesertifiseerde afskrif van die ID ingehandig word by die kampus Beurskantoor of kan ge-epos word na die kampus epos soos onder spesifiseer.

AL DIE VOORWAARDES IS UITEENGESIT IN DIE BEURSKONTRAK WAT DEUR DIE AANSOEKER GETEKEN MOET WORD. DIE BEURSKONTRAKONDERTEKENING BEVESTIG WETTIGE ONDERNEMING OM AAN DIE VOORWAARDES TE VOLDOEN.

SLUITINGSDATUM VIR FUNZA LUSHAKA BEURS : AFDELING F

Vir sluitingsdatums en aansoeke, besoek die FUNZA LUSHAKA webtuiste: www.funzalushaka.doe.gov.za

Nuwe aansoeke: 1 Oktober – 13 Januarie 2020

Her-aansoeke: 1 Oktober 2019 – 22 November 2019

HIERDIE DOKUMENT IS SLEGS 'n OPSOMMING VAN BESKIKBARE BEURSE EN LENINGS. VOLLEDIGE REËLS, VOORWAARDES EN REGLEMENTE VAN ALLE BEURSE EN LENINGS IS BESKIKBAAR BY DIE KANTORE VAN FSD.

ALGEMENE INSTRUKSIES

- Gewaarmerkte afskrifte van sertifikate moet by elke aansoekvorm aangeheg wees. GEEN onvolledige vorms sal aanvaar word nie.
- Jaarlikse aansoek moet gedoen word op die voorgeskrewe toepaslike vorms **voor** die sluitingsdatums, soos gespesifiseer.
- DEELTYDSE STUDENTE MOET JAARLIKS AANSOEK DOEN VIR BEURSE EN LENINGS** en indien die student kwalifiseer, sal 50% van die normale beurswaarde toegeken word *vir die minimum duur van die kwalifikasie waarvoor in die eerste jaar geregistreer is (naamlik 3 of 4 jaar).*

POTCHEFSTROOM KAMPUS	Epos: PUK-UnderGradBurs@nwu.ac.za Gebou F1, Hoffmanstraat, Potchefstroom, 2520 Privaatsak X6001, Potchefstroom, 2520
VAAL DRIEHOEK KAMPUS	Epos: VC-UnderGradBurs@nwu.ac.za Gebou 24, Hendrik van Eck Blvd, Vanderbijlpark, 1911 Posbus 1774, Vanderbijlpark, 1900
MAFIKENG KAMPUS	Epos: MC-UnderGradBurs@nwu.ac.za Gebou AF2, Mafikeng Privaatsak X2046, Mmabatho, 2735
WEBTUISTE VAN INSTANSIES WAT BEURSE BIED	www.bursariesdirectory.net www.gal.co.za/fm_bursary_start.asp
WEB: www.nwu.ac.za	